



The miracles of science™

stadium van die gewas toe. Die eerste ACANTO

# ACANTO® PLUS 280 SC

Reg. No. L9149 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L9149 Wet Nr. 36 van 1947

Preventive, systemic and translaminar suspension concentrate fungicide for the control of Grey Leaf Spot, Northern Corn Leaf Blight and Brown Rust in Maize and Soybean Rust in soybeans

Beskermende, sistemiese en translaminêre suspensie konsentraat swamdoder vir die beheer van Grysblaarvlek, Noordelike Blaarskroei en Bruinroes in Mielies en Sojaboonroes in Sojabone.

FUNGICIDE GROUP CODES 3 /11 SWAMDODER GROEP KODE

**ACTIVE INGREDIENT**

Picoxystrobin (strobilurin) .....200 g/l....  
Cyproconazole (triazole) ..... 80 g/l....

**AKTIEWE BESTANDDEEL**

Picoxystrobin (strobilurien)  
Siprokonasool (triasool)

Net volume

1 ℓ, 5 ℓ and 10ℓ

Netto volume

**REGISTERED BY /  
GEREGISTREER DEUR:**

DU PONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA  
(PTY) LTD  
Co. Reg. No.20091/014097/07  
P. O. BOX / POSBUS 3332  
HALFWAY HOUSE 1685  
Tel: (011) 218 8600

**24 Hour / Uur Emergency Number /  
Noodnommer:  
083 123 3911**

BATCH NUMBER  
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER  
DATUM VERVAARDIG

UN No. / VN Nr.: 3077

**CAUTION  
VERSIGTIG**

Copyright © 2012 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™, ACANTO®, CAPITAN®, PUNCH®, LYRIC® and TREND® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

Acanto® Plus 280 SC  
Page 1  
2012/02/13

Proposed Label Afrikaans

# ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC

Reg. Nr. L9149 Wet Nr. 36 van 1947

Bevat picoxystrobin / cyproconazole

## WAARSKUWINGS:

LAAT DIE VOLGENDE ONTHOUDINGSPERIODE TOE TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES:

<b>Mielies</b>	<b>28 dae</b>
<b>Sojabone</b>	<b>56 dae</b>

- Moet nie behandelde sojabone of mielies beweï of as voer gebruik nie.
- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingeneem.
- Voorkom kontak met oë en vel aangesien produk oog- en velirritasie kan veroorsaak.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Toksies vir vis en skadelik teen ander waterorganismes.
- Bêre weg van voedsel en voer.
- HERBETREDING: Moet nie die behandelde gebied betree binne 1 dag na bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMATREËLS:

- Voorkom spuitstofegdrywing na ander gewasse wat nie behandel word nie, weiding of nabygeleë waterbronne.
- Moet nie strome, riviere of damme kontamineer nie.
- Vermoë kontak met oë, vel en klere.
- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Dra beskermende klere, rubber handskoene en gesigmasker wanneer die spuitmengsel voorberei word.
- Was met oormaat seep en water onmiddellik na toevallige velkontak.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas en klere geruil is nie.
- Spoel leë houers DRIE KEER UIT as volg: Keer die leë houer bo-oor spuittenk of mengtenk om en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n drup afgeneem het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan minimum van 10% van die houerkapasiteit. Gooï die spoelinhoud by die spuitmengsel in die spuittenk voordat die houer vernietig word op die voorgeskrewe metode.

- Was die toedieningsapparaat, pype, spuitbalk en spuitstukke deeglik uit met na gebruik. Verwyder visuele spuitneerslae. Verwyder spuitstukke, siwwe en flters en maak afsonderlik skoon. Spoel die hele stelsel nog 'n maal met skoon water uit.
- Moet nie toedienings apparaat naby 'n put, boorgat, fontein of enige ander waterbron skoonmaak nie.
- Moet nie gewasse, weiding, riviere of damme met die waswater tydens die skoonmaak van die apparaat besoedel nie.
- Moet nooit die houer vir enige ander doel hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

## **WEERSTAND WAARSKUWING**

**ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** is 'n kombinasie van 'n groepkode 11 en groepkode 3 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen groepkode 11 en groepkode 3 swamdoders het. Indien groepkode 11 en groepkode 3 swamdoders herhaaldelik op hul eie aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Die gebruik van **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** sal help om die kaans te minimaliseer dat swamme met weerstand teen groepkode 11 en groepkode 3 swamdoders sal voorkom.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreels (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## **GEBRUIKS AANWYSINGS:**

## **GEBRUIKSLEGS SOOS AANBEVEEL**

## **VERENIGBAARHEID**

**ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** is verenigbaar met H&R Crop Oil (Reg. Nr. L6062 Wet No. 36 van 1947), Solwet (Reg. No. L8679 Wet No. 36 van 1947), Link (Reg. No. L8675 Wet No. 36 van 1947), Direct (Reg. No. L8675 Wet No. 36 van 1947) in mieles en H&R Crop Oil (Reg. Nr. L6062 Wet No. 36 van 1947) en Trend<sup>®</sup> 90 (Reg. Nr. L8207 Wet Nr. 36 van 1947) in sojabone. Die verenigbaarheid van **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 250 SC** met ander produkte is nog nie ten volle ondersoek nie. Tenkmengsels wat nog nie vir fisiese verenigbaarheid en gewasveiligheid getoets is nie moet eers op 'n klein skaal getoets word. Kontak die vervaardiger in geval van onsekerheid.

## **ALGEMEEN**

- **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** bevat picoxystrobin en cyproconazole. Picoxystrobin is 'n breë spektrum graanswamdoder van die strobilurien groep. Picoxystrobin en ander strobilurien analoë inhibeer swam respirasie. Cyproconazole is 'n triazool wat swam pentrasie en hife groei inhibeer.
- **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** het sistemiese, translaminêre en voorkomende eienskappe en beskik oor 'n gasaksie.
- **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** toon goeie gewasveiligheid, siektebeheer en behoud van groen loofarea wat tot betekenisvolle opbrengsvoordele lei.

- **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** werk die beste wanneer dit as a beskermende behandeling, of tydens die vroegste stadia van siekte-ontwikkeling toegedien word.
- **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** moet nie toegedien word op enige gewas wat onder stremming verkeer as gevolg van droogte, versuiptoestande, lae temperatuur, insek aanvalle, voedings of kalk tekoret of enige ander faktore wat gewasgroei kan verminder nie.

**MENGINSTRUKSIES EN SKOONMAAK VAN SPUITAPPARAAT**

- Maak seker dat die spuitapparaat heeltemaal skoon is alvorens **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** gebruik word.
- Maak die spuiten halfvol met water en skakel die roeringsmeganisme aan. Roer die spuitmengsel aanhoudend terwyl die benodigde hoeveelheid **ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC** in die spuittenk gevoeg, waarna die tenk met die verlangde hoeveelheid water gevul en bespuiting uitgevoer word.

<b>GEWAS EN SIEKTE</b>	<b>HOEVEELHEID PER HA</b>	<b>OPMERKINGS</b>
<p><b>MIELIES:</b></p> <p>Grysblaarvlek (<i>Cercospora zeae-maydis</i>) Noordelike Blaarskroei (<i>Exserohilum turcicum</i>) Bruinroes (<i>Puccinia sorghii</i>)</p>	<p><b>LOOFBESPUITING:</b></p> <p>700 ml <b>ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC</b> per ha</p> <p><b>Dien ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC in kombinasie met H&amp;R Crop Oil teen 500ml per ha of Solwet, Link of Direct teen 'n dosis van 20 ml per 100 l spuitmengsel as benatter toe.</b></p>	<p><b>TOEDIENINGSMETODE:</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Grondtoediening (vertikale spuitbalk): 300- 500 l water per ha.</li> <li>2. Rugsakspuit met handbalk: 50-100 l water per ha.</li> </ol> <p>Dien <b>ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC</b> toe as twee toedienings beginnende voorkomend of met die verskyning van die heel eerste simptome van enige van die siektes op die 5-8 blaar <sup>®</sup> <b>PLUS 280 SC</b> toediening moet verkieslik voorkomend toegedien word en nie later as die 8 blaarstadium van die gewas nie. Dien die tweede <b>ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC</b> toediening 21-28 dae later toe. Gebruik die korter spuitinterval onder hoë siektedruk of gunstige toestande vir siekteontwikkeling. Volg die tweede <b>ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC</b> toediening op met with een of twee Punch Xtra, Punch C of Capitan bespuitings met 'n spuitinterval van 21- 28 dae dae afhangend van die siektedruk. Verseker deeglike bedekking van die hele plant.</p> <p>Die toediening van <b>ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC</b> sal ook die voorkoms van Phaeospheria (<i>Phaeospheria michotti</i>) blaarvlek verlaag. <b>Laat ten minste 28 dae tussen die laaste ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC toediening in die oes van groenmilies.</b></p> <p>Moet nie meer as twee <b>ACANTO<sup>®</sup> PLUS 280 SC</b> bevattende toedienings per seisoen toedien nie.</p>

GEWAS EN SIEKTE	HOEVEELHEID PER HA	OPMERKINGS
<b>SOJABONE</b>  Sojaboonroes / Asiese roes ( <i>Pachyrhizi phakopsora</i> )	<p style="text-align: center;"><b>LOOFTOEDIENING:</b></p> <p>300 ml <b>ACANTO® PLUS 280 SC</b>            in ten minste 300 l water per ha</p> <p><b>Die byvoeging van 'n nie-ioniese benatter (bv. Trend® 90 teen 100 ml per 100 l spuit mengsel) of H&amp;R Crop Oil teen 500ml per Ha) word aanbeveel vir optimale beheer met ACANTO® PLUS 280 SC.</b></p>	<p>'n Enkele <b>ACANTO® PLUS 280 SC</b> toediening moet voorkomend toegedien word wanneer die gewas begin blom of met die verskyning van die heel eerste tekens van siekte. Indien die <b>ACANTO® PLUS 280 SC</b> toegedien was tydens blom of tydens peul vorming moet dit opgevolg word met Punch® Xtra, Punch® C, Lyric® C, Capitan® of Lyric® (verwys na die relevante etikette vir meer aanbevelings) 21-28 dae later. Gebruik die korter spuit interval onder gunstige toestande vir siekte-ontwikkeling (temperature van 15-28 C en hoë humiditeit). Indien die siekte eers laat in die groeiseisoen voorkom sal 'n enkel <b>ACANTO® PLUS 280 SC</b> toediening voldoende wees. Verseker deeglike bedekking van die hele plant. Moet nie meer as een <b>ACANTO® PLUS 280 SC</b> toediening per seisoen maak nie.</p> <p><b>Laat 56 dae toe tussen die laaste ACANTO® PLUS 280 SC toediening en oes. Sien toepaslike voor-oes onthoudingsperiodes op die PUNCH® Xtra, Punch® C, Lyric® C, Capitan® or Lyric® etikette waar toepaslik wanneer toegedien.</b></p>

#### ERKENNING VAN GEREГИSTREERDE PRODUKTE:

- H & R Crop Oil is die geregistreerde produk van H & R South Africa Sales (Pty) Ltd
- Solwet is die geregistreerde produk van Spectrum Research Services
- Link is die geregistreerde produk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd
- Direct is die geregistreerde produk van P\Farmkem Speciality Products (Pty) Ltd